

# Stellenbosch tydens die Anglo-Boereoorlog

*DEUR*

*CHRIS VENTER\**

Ten spyte daarvan dat Stellenbosch ver verwyderd was van die hoof-arena van die oorlogsbedrywighede gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902, is die gemeenskap daarvan, soos die gemeenskappe van elke dorp in Kaapland, deur die oorlog geraak. Alhoewel daar niks opspraakwekkends, soos 'n veldslag in die dorp of in die onmiddellike omgewing van die dorp, plaasgevind het nie, het die oorlog verdeeldheid en rassesspanning in die gemeenskap veroorsaak. Die feit dat daar studente en skoliere vanuit die Transvala en die Oranje-Vrystaat op Stellenbosch studeer het; die aanwesigheid van die Britse "remount camps", en omdat daar vir korter of langer typerke verskeie Britse militêre afdelings gestasioneer was (Stellenbosch was 'n belangrike punt op die westelike aanvalslinie van die Britte), het tot hierdie spanning in die gemeenskap bygedra. Stellenbosch het ook die onderskeidig dat dit, naas Mafeking (Mafikeng) een van die weinige dorpe in Suid-Afrika is waarvan ons weet dat die naam tydens die oorlog as 'n werkwoord gebruik is. Veral die koppeling met Stellenbosch het tydens die oorlog 'n negatiewe konnotasie onder die Engelse militêre verkry omdat "to be Stellenbosched" 'n gevreesde en vernederende ervaring vir menige offisier beteken het. Die begrip was aan die einde van die twintigste eeu steeds in die Britse magte gebruik.<sup>1</sup>

## 1. "Remount camps"

Volgens amptelike Britse verslae is 'n "remount dépôt" op Stellenbosch reeds teen die einde van 1898, d.w.s. nog voor die amptelike begin van die Anglo-

---

Dr. Chris Venter is senior lektor in die departement geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy mees onlangse publikasie is "Jotham Joubert: Profiel van 'n Kaapse rebel" in 'n Spesiale uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 39(3), September 1999. Hy is tans besig met omvattende navorsing oor die Anglo-Boereoorlog en die wyse waarop die gebeurtenis deur die mense in die Kaapkolonie ervaar is.

Prof. Bill Nasson, departementshoof van die Universiteit van Kaapstad, het skrywer meegegee dat hy ten tyde van 'n onlangse besoek aan Brittannie, in gesprekke met lede van die Britse magte vasgestel het dat die begrip steeds gebesig word.

Boereoorlog op 11 Oktober 1899, ingerig. Toe dit blyk dat oorlog onafwendbaar geword het, is verdere depots op De Aar, Naauwpoort, Queenstown en Port Elizabeth opgerig.<sup>2</sup> Volgens die getuenis van luitenant-generaal W.F. Butler is die plaas waarop die “remount dépôt” ontwikkel is, reeds in November 1898 vir dié doel gehuur. Die ontwikkeling van die plaas as ‘n “remount dépôt” het eers in Desember 1898 of Januarie 1899 begin.<sup>3</sup>

Hierdie perdevoorsieningsplaas is klaarblyklik op ‘n stuk grond tussen die aangrensende plase Koelenhof, Geluksoord en Nooitgedacht,<sup>4</sup> opgerig. Perde wat van oorsee na Suid-Afrika ingevoer is, is toegelaat om te herstel en uit te rus voordat hulle na die gevegsfront afgevoer is. Baie van die perde het tydens die seereis of ná hulle aankoms aan die Kaap gevrek as gevolg van longontsteking. Volgens kaptein E.P. Elmhirst, wat van Januarie tot Maart 1900 op hierdie perdevoorsieningsplaas gestasioneer was, is die gesonde perde binne drie tot vier dae na hulle aankoms op Stellenbosch na die front gestuur. Volgens amptelike Britse statistieke vir die tydperk Junie 1899 tot Januarie 1902, was ‘n personeel van 647 betrokke by hierdie “Remount Camp”. Behalwe vir die Britse offisiere, manskappe en veeartse, het die getal ook 202 kleurling- en swart arbeiders en 347 Indiërs<sup>5</sup> ingesluit.

John X. Merriman, die bekende Kaapse parlementariër van die plaas Schoongezicht in die Stellenbosch distrik, maak op 16 Maart 1900 melding van sy besoek aan die “Remount Camp” en verwys daarna as “the scene of indescribable dirt and dust ... 2500 horses”. Volgens Merriman het sy ou vriend, kaptein E.P. Elmhirst, vir hom die battery Maxim kanonne (pom-poms) gaan wys wat onder bevel was van majoor F.H. Crampton van die Royal Artillery.<sup>6</sup> Die aanwesigheid van hierdie battery en die afvuur van die kanonne, waarskynlik tydens skietoefeninge, het klaarblyklik die veiligheid van boere op ‘n buurplaas in gevaar gestel. Op 20 Maart 1900 het magistraat Herold van Stellenbosch aan die bevelvoerder van die “Remount Camp” geskryf dat hy klagtes van J.A. en F. Bosman van die plaas Weltevreden ontvang het dat die kanonkoëls naby hulle opstal geval het. Herold skryf:

- 
2. Cd. 993-1902, Proceedings of a Court of Enquiry on the Administration of the Army Remount Department, pp.18-19.
  3. Cd. 994-1902, Minutes of evidence taken before the Court of Enquiry on the Administration of the Army Remount Department, pp.174-175.
  4. F. SMUTS (red.), *Stellenbosch Drie Eue*, (Kaapstad, 1979), p.438. Op die plaas van mnr. Attie Joubert is daar nog die perdetrōe waar die perde water gedrink het.
  5. Cd. 963-1902, Army Remounts: Reports, statistical tables and telegrams received from South Africa, June 1899-22 January 1902, p.10.
  6. P. LEWSEN (ed), *Selections from the correspondence of John X Merriman, 1899-1905* (VRS 17), (Cape Town, 1966), p.169.

I understand the firing comes from the direction of the Remount Camp over the rise between Koelenhof and Weltevreden and that several cannon balls have been found on the farm Weltevreden.<sup>7</sup>

Op 28 Maart het J.A. Bosman weer gekla dat 'n kanonkoeël enkele meters van sy opstal gevallen het terwyl hy aan die werk was en dat sy arbeiders geweier het om die vee op te pas, aangesien hulle vir hulle lewens gevrees het. Magistraat Herold het gemeld dat hy geen antwoord op hierdie klage van die bevelvoerder van die "Remount Camp" ontvang het nie.<sup>8</sup> Geen bewyse kon opgespoor word om die geldigheid van hierdie klage te bevestig nie.

Behalwe die Britse personeel by die "remount camp" en die eenheid van die Royal Artillery, was die 18de bataljon van die Imperiale Skotse Yeomanry<sup>9</sup> of berede soldate, twee kompanjies van die 1ste bataljon van die Royal Munster Fusiliers, die 15de kompanjie van die Army Service Corps,<sup>10</sup> en eenhede van onder andere die Norfolk Regiment, Duke of Cambridge's Own Yeomanry (Middlesex Regiment), en die Duke of Cornwall's Light Infantry by tye in die "Remount Camp" op Stellenbosch gestasioneer.<sup>11</sup> Teen Februarie 1902 is 'n afdeling van 100 man van die Cape Town Highlanders na Stellenbosch gestuur om onder andere die spoorwegstasie te bewaak.<sup>12</sup>

Die teenwoordigheid van die "remount camp" in Stellenbosch se distrik het direk daartoe aanleiding gegee dat die uitdrukking "to be Stellenbosched" in die Engelse volksmond neerslag gevind het. So bekend, of selfs gevrees, het die konteks geword waarin die begrip "to be Stellenbosched" gebruik is, dat R. Kipling selfs 'n gedig met die titel "Stellenbosch" geskryf het.<sup>13</sup> Die *Chambers Twentieth Century Dictionary* se verklaring hiervoor is soos volg:

to relegate to a post where incompetence matters less

en verder

- 
7. (KAB) AG 850, Attorney General, Letters received, Stellenbosch, 1900: Herold-Bevelvoerder, "Remount Camp", 20.3.1900. Ingesloten by brief van Herold-Secretary to Law Department, 30.3.1900, no. 89.
  8. (KAB) AG 850, Ibid.: Veldkornet DC Mostert-Magistraat Herold, 18.3.1900. Ingesloten by brief van Herold-Secretary to Law Department, 30.3.1900, no. 89.
  9. Cd. 454-1901, Royal Commission on South African Hospitals: Minutes of evidence, p.131.
  10. JH BREYENBACH, *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, (Kaapstad, 1949), p.77.
  11. P. LEWSEN (ed.), *Selections from the correspondence of John X Merriman, 1899-1905* (VRS 17), (Cape Town, 1966), pp.169,172.
  12. N. ORPEN, *The Cape Town Highlanders* (Cape Town, 1970), p.57.
  13. Rudyard Kipling's Verse, *Inclusive Edition, 1885-1926* (London, 1930), pp.469-470.

Stellenbosch, Cape of Good Hope, such a dumping ground.<sup>14</sup>

Die rede hiervoor was dat die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika, lord Roberts, offisiere wat op die slagveld nie die mas kon opkom nie, na die “Remount Station” op Stellenbosch gestuur het waar hulle onbekwaamheid die minste skade aan die oorlogspoging kon aanrig.<sup>15</sup> Die eerste offisier wat volgens T. Pakenham “gestellenbosch” was, was kol. Gough. Hy kon die vernedering nie verwerk nie en het selfmoord gepleeg.<sup>16</sup>

### Stellenbossers se aktiewe betrokkenheid by die oorlog

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het van die inwoners van Stellenbosch, die studente van die Victoria Kollege en die skoliere van die Seunskool, aktief betrokke geraak by een van die twee strydende partye.

Die een militêre korps wat egter nie as ‘n militêre eenheid betrokke geraak het nie, was die Victoria College Volunteer Rifles (VCVR), later genoem die VC Volunteers, wat reeds sedert 1888 bestaan het. ‘n Dag ná die uitbreek van die oorlog het die hele korps, op vyf man ná, hulle uniforms en gewere ingehandig en bedank. Die rede daarvoor was dat die moontlikheid bestaan het dat die VC Volunteers opgeroep sou word vir aktiewe diens teen die Boere in Natal. Die meerderheid van die studente was nie begerig om die wapen teen die Boere op te neem nie.

Hierdie gebeurtenis was waarskynlik ‘n swaar slag vir prof. A.H. Mackenzie, wat Wiskunde doseer het, en wat ten nouste betrokke was by die aktiwiteite van die korps. Prof. Mackenzie het wel later as ‘n luitenant in die Stellenbosch District Mounted Troops (SDMT) diens gedoen. Sy betrokkenheid by die SDMT het hom klaarblyklik van sy lesings weggehou en nadat hy na so ‘n afwesigheid weer in die lesinglokaal verskyn het kort voor ‘n eksamen, het die studente hom daarvan beskuldig dat hy hulle en sy werk verwaarloos.<sup>17</sup>

Die persoon wat hom intens beywer het vir die totstandbrenging van die SDMT, was Archibald Macdonald, bestuurder van die plaas Rustenburg. Teen September 1901 was hy met die rang van kaptein in bevel van die SDMT wat uit 87 manskappe en offisiere bestaan het.<sup>18</sup> Macdonald het teen Januarie 1901 hom

14. Chambers Twentieth Century Dictionary. (New Edition W &R Chambers. Ltd, Edinburough, Reprinted 1974).

15. R. DAVIS *Cassell's history of the Boer War, 1899-1901* (London, 1901), p.754; J. Ralph, *War's brighter side: the story of The Friend newspaper edited by correspondents with Lord Roberts's forces, March to April 1900* (Cape Town, 1900), p.106.

16. T. PAKENHAM, *The Boer War*, (Johannesburg, 1979), p.179.

17. H.B. THOM et al, *Stellenbosch 1866-1966: Honderd jaar van Hoër Onderwys*, (Kaapstad, 1966), pp.275, 302, 316.

18. (KAB) DD 4/171 Cape Colonial Defence Department: Pay Sheets 1899-1902, Stellenbosch.

ook beywer om 'n "Town Guard" op Stellenbosch tot stand te bring. Sy pogings was geslaagd, want teen Julie 1901 het die Town Guards, waarvan die lede uit die dorpsbewoners aangestel is, onder bevel van kaptein H. Beyers gestaan.<sup>19</sup>

In Stellenbosch was daar Afrikaners, ook onder die geledere van die studente van die Victoria Kollege, wie se simpatie by die Boererepublieke gelê het en wat met groot belangstelling die verloop van die stryd gevolg het. Die Britse nederlae by Colenso, Magersfontein en Stormberg gedurende 10-15 Desember 1900 - die sogenaamde "Black Week" - het die Republikeinsgesinde Stellenbossers verheug. Hierdie suksesse en die besetting van Noordoos-Kaaplandse distrikte deur die Boere het, volgens berigte wat die Britte bereik het, Afrikaners sover as Stellenbosch gewillig gemaak om by die kommando's aan te sluit. Al waarvoor hulle gewag het, was dat die Republike Kaapland verder tot digby die see moes binneval - iets wat nie gebeur het nie.<sup>20</sup> F. Maurice stel dit so:

Even nearer to Cape Town, in the fertile and wine-producing districts of Stellenbosch, Paarl, Ceres, Tulbagh and Worcester, all most difficult to deal with, owing to the broken character of the ground and its intersection by rough mountain ranges, a portion of the inhabitants had shown signs of great restlessness. If even a small band of insurgents had taken up arms in these parts, the British lines of communication would have been imperilled.<sup>21</sup>

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 het die magistraat van Stellenbosch, FW Herold, die volgende kennisgewing onder die inwoners van die dorp en distrik versprei:

"It is hereby proclaimed that a state of war has been notified between Great Britain and the South African and Free State Republics. All persons are therefore exhorted to abstain from all treasonable acts or words which may excite disloyalty in the Colony and Her Majesty's Subjects are further warned against trading with or rendering aid to either of the Republics by military service or supplies which acts will render offenders liable to the penalties provided by Law."<sup>22</sup>

- 
19. (KAB) DD 4/171 Cape Colonial Defence Department: Pay Sheets 1899-1902, Stellenbosch; P Lewsen (ed.), *Selections from the correspondence of John X Merriman, 1899-1905* (VRS 17), (Kaapstad, 1966), p.246.
  20. H.B. THOM et al, *Stellenbosch 1866-1966: Honderd Jaar van Hoër Onderwys* (Kaapstad, 1966), p.302; JH BREYTNBACH, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog*, II, (Pretoria, 1971), p.353.
  21. F. MAURICE, *History of the War in South Africa, 1899-1902*, I, (London, 1906), p.383.
  22. (KAB) 1/STB 10/33 Archives of the Magistrate of Stellenbosch: Miscellaneous letters received, 1857-1905; Kennisgewing van magistraat FW Herold, g.d.

Ten spyte van hierdie waarskuwing het die talle inwoners van Stellenbosch nie geskroom om hulle pro-Republikeinse sentemente te erken en hulle afkeur van die oorlog uit te spreek nie, veral nie gedurende 1900 nie. Enkele Stellenbossers het ook by die Republikeinse magte aangesluit.

Volgens amptelike Britse statistieke van Desember 1901 wat in die Imperiale Blouboek van 1902 onder die opskrif “Approximate return of persons who have joined the enemy since the commencement of the war” verskyn het, blyk dit dat daar 43 persone uit die Stellenbosse distrik sedert die uitbreek van die oorlog by die Republikeinse magte aangesluit het. By ‘n later geleentheid is een naam bygevoeg wat die totaal vir Stellenbosch op 44 te staan gebring het. Vergelykenderwys het uit ander Bolandse distrikte die volgende aantal persone by die Republikeinse magte aangesluit: Ceres (24), Malmesbury (22), Paarl (0), Piketberg (103), en Tulbagh (2).<sup>23</sup>

Hierdie amptelike statistieke was gebaseer op ‘n lys van name wat die magistraat van Stellenbosch op 6 September 1900 onder die opskrif “List of persons who have joined the enemy (Republikeinse magte) from the district of Stellenbosch” na die kantoor van die Prokureur-Generaal se kantoor gestuur het.<sup>24</sup> Herold het ook die versekering gegee dat op daardie stadium daar geen georganiseerde pogings in die distrik aangewend was om hulp in enige vorm aan die Republieke te verskaf nie.<sup>25</sup>

Hierdie naamlys wat Herold ingedien het, is ongelukkig nie in alle gevalle volledig ingeval nie en bevat ook sekere onduidelikhede wat nie opgeklaar kon word nie. Uit ‘n ontleding van hierdie lys van 44 persone van die distrik van Stellenbosch wat volgens die magistraat by die Republikeinse magte sou aangesluit het, kom die volgende na vore: 25 van die persone was leerlinge van die seunskool, bekend as die Boys’ Public School of Gimnasium. Almal, behalwe die twee Gertenbach-broers, was van die Transvaal en Vrystaat afkomstig. Altesaam 13 van die leerlinge het volgens die magistraat beslis aan die kant van die Republikeinse magte geveg.<sup>26</sup>

- 
23. Cd. 903-1902, South Africa: Further correspondence relating to affairs in South Africa, p.163: Enclosure no. 6 to Despatch no. 59: Approximate return of persons who have joined the enemy since the commencement of the war.
  24. (KAB) AG 2097 (Part 1) Attorney General: Returns and lists, 1899-1906; Lists of Rebels (incomplete), 1899-1902, ongedateerd (In lêer gemerkt Stellenbosch); (KAB) AG 2099 Lists of Rebels (In lêer gemerkt Stellenbosch): Resident magistraat Herold-Secr. to Law Department, 7.11.1901. Volgens hierdie brief is die lys oorspronklik op 6.9.1900 ingestuur en die magistraat het gemeld dat geen verdere persone die distrik verlaat het om by die vyand aan te sluit nie.
  25. (KAB) AG 753 Attorney General, Letters received, Stellenbosch, 1899: Herold-Secretary to Law Department, 6.11.1899.
  26. (KAB) AG 2097 (Part 1) Attorney General, Returns and lists, 1899-1906; Lists of Rebels, 1899-1902, ongedateerd (In lêer gemerkt Stellenbosch).

Volgens die lys het agt studente van die Teologiese Seminarie en drie studente van die Victoria Kollege by die Republikeinse magte aangesluit. Oor hulle aktiewe deelname aan die oorlog bestaan daar ook heelwat onduidelikhede. Teenoor slegs vier van die studente se name kon Herold met sekerheid meld dat hulle by die Boeremagte aangesluit het. Volgens die naamlys is dit duidelik dat nie een van die leerlinge of studente wat by die Boeremagte aangesluit het, oorspronklik van Stellenbosch afkomstig was nie. Slegs twee leerlinge van die Boys' Public School kan beskou word as rebelle. Die bewering word egter gemaak dat studente van die Republieke goedkoper treinkaartjies ontvang het om vanaf Stellenbosch na hul tuistes terug te keer om teen die Engelse te gaan veg. Die Stellenbossers het in trane van hulle afskeid geneem en gehoop dat die helde as oorwinnaars sou terugkeer. Transvaalse oorlogsliedere is ook gereeld met hulle vertrek gesing.<sup>27</sup>

'n Teologiese student wie se naam nie in die lys vermeld word nie, maar wat Stellenbosch kort voor die oorlog verlaat het en gedurende die oorlog as kommandant in die Vrystaat en daarna as politikus en President van die Senaat in die Unie-parlement groot bekendheid verwerf het, was C.A. (Chris) van Niekerk. Tydens sy studiejare op Stellenbosch het die Afrikanerbond die studente uit die twee republieke aangespoor om hulle as Britse onderdane te laat naturaliseer sodat hulle as stemgeregtiges Stellenbosch as 'n setel vir die Bond in die Kaapse parlement kon behou. Van Niekerk was een van die studente wat aan hierdie versoek voldoen het. Die hof het egter bepaal dat hierdie studente nie stemreg kon verkry nie, aangesien hulle nie vaste eiendom besit het nie. Ná die oorlog is Van Niekerk nie toegelaat om sy studies op Stellenbosch voort te sit nie, aangesien die Kaapse Prokureur-Generaal hom wou vervolg omdat hy as 'n genaturaliseerde Britse onderdaan aan die Boerekant geveg het.<sup>28</sup>

Daar was egter studente en oud-studente van die Victoria Kollege wat as gevolg van die oorlog gesneuwel of gesterf het. Twee van dié oud-studente was die broers Jan en Hendrik Luttig wat oorspronklik van Prins Albert afkomstig was. Altwee het na hulle studies in Transvaal vir die Landmeter-Generaal gaan werk en het waarskynlik genaturaliseerde Transvaalse burgers geword. Met die uitbreek van die oorlog het altwee by die kommando's aangesluit. Jan Luttig het op 26 Februarie 1900 in 'n geveg in die omgewing van die Thukelarivier

27. Eastern Province Herald, 13.11.1901 (The case of Mr. Bartmann).

28. CJ BEYERS (Red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, (Butterworth en Kie, Durban, 1981), p.740; HC HOPKINS, *Maar één soos hy: Die lewe van kommandant CA van Niekerk*, (Kaapstad, 1963), pp.45-46; (KAB) AG 2044 (Part 2) Attorney-General: Correspondence, Anglo Boer War and high treason, Stellenbosch, 1899-1903: Leer gemerk CA van Niekerk, affadavit re cancellation of nationality papers: Verklaring van magistraat Herold, 19.3.1899; *Ibid*, Van Niekerk-Herold, 2.10.1899; *Ibid*, Report of the Attorney General, 1.11.1899; Petisie van CA van Niekerk-Luit-Goew. van ORK, 21.9.1902.

gesneuwel. Hendrik Luttig het, terwyl hy kommandodiens verrig het, op 11 Mei 1900 aan 'n onbekende siekte gesterf. Sy ouers kon nooit uitvind waar hy begrawe is nie.<sup>29</sup>

Jacob Jan Willem Barry, afkomstig van die plaas Aprikooskop in die distrik Ficksburg, is op 30 Julie by Fouriesburg deur die Engelse gevange geneem en as krygsgevangene na Ceylon gestuur. Daar het hy as 17-jarige op 24 Desember 1900 in die krygsgevangenkamp te Diyatalawa aan tifieuskoors beswyk.<sup>30</sup> Ander studente of oud-studente van wie slegs die name bekend is en wat tydens die oorlog as gevolg van oorlogsverwante oorsake oorlede is, is die volgende: AC de Villiers, JG de Kock, AS van der Bijl, J Brink, M Wessels, Hendrik Neethling en Johannes Neethling.<sup>31</sup> Bertie Macmillan, die seun van eerwaarde J. Macmillan, die inwonende hoof of superintendent van Eikenhof losieshuis op Stellenbosch, het aan Britse kant aan die oorlog deelgeneem. Hy is naby Potchefstroom gewond en is in die hospitaal op Krugersdorp oorlede waar hy ook begrawe is. Op 20 Oktober 1900 skryf eerw. Macmillan aan 'n onbekende persoon dat die nuus van hulle seun se dood

at the front so completely upset me that I have been for weeks quite  
unfit for any work, mental and physical.<sup>32</sup>

Volgens magistraat Herold se opgaaf was daar agt persone wat in Stellenbosch se distrik woonagtig was en wat die distrik voor of tydens die oorlog verlaat het. In verband met vier van hulle kon Herold met sekerheid getuig dat hulle by die Republikeinse magte aangesluit het. Drie van hulle, naamlik J. de Waal van die plaas Langverwacht, P de W Neethling van Vlaeberg en C Theunissen van die Strand was teen September reeds krygsgevangenes. Die vierde, P. Joubert van die plaas Nooitgedacht, het die distrik teen die einde van 1899 verlaat om by die Boeremagte aan te sluit. Alhoewel Herold onseker was oor die deelname van die twee jonger broers van J. de Waal, A.W. (waarskynlik A.J.) en A. de Waal,<sup>33</sup> het dit later geblyk dat hulle wel tydens die beleg van Mafeking aan Boerekant

- 
29. *Stellenbosch Students' Quarterly*, 4(11), May 1900, p.2 (In Memoriam).
30. *Stellenbosch Students' Quarterly*, 4(11), November 1900, p.2 (In Memoriam); MCE VAN SCHOOI, *Die Bannelinge: ABO-Boerekrygsgevangenes, 1899-1902: 'n Gedenkboek*, (Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, 1983), p. 5.
31. *Stellenbosch Students' Quarterly*, 4, vol. 111, p.2 (In Memoriam); H.B. THOM et al, *Stellenbosch 1866-1966: Honderd jaar hoër onderwys* (Kaapstad, 1966), p.303.
32. W.M. MACMILLAN, *My South African Years: An Autobiography* (Cape Town, 1975), p.56; (KAB) SGE 1/260 Superintendent of Education: Miscellaneous letters received from Stellenbosch, 1900; Brief van eerw. J Macmillan, 20.10.1900. (Bertie was die ouer broer van die latere bekende historikus W.M. MACMILLAN).
33. (KAB) AG 2097 (PART 1) Attorney General: Returns and lists, 1899-1906: Lists of rebels, 1899-1902, ongedateerd (In lêer gemerk Stellenbosch).

geveg het. A.J. de Waal is ook gevange geneem en deur die Britte van hoogverraad aangekla en vir vyf jaar ontkieser.<sup>34</sup>

Stellenbosch se distrik het egter nog drie Kaapse rebelle opgelewer waarvan ons weet en wie se name nie in Herold se lys verskyn nie, naamlik Pierre Daniel Roussouw van Die Laan, Stellenbosch,<sup>35</sup> Jacobus Petrus Bosman, afkomstig van die plaas Rozendaal, Bottelary,<sup>36</sup> en Pieter de Vos, seun van prof. P.J.G. de Vos van die Teologiese Seminarie.<sup>37</sup>

Pierre Roussouw het ten tyde van die oorlog op Wonderhoek in die Molteno distrik onderwys gegee. Daar word beweer dat hy op 27 Mei 1901 deur die Boere gedwing was om by hulle aan te sluit. Na sy gevangeneming is hy op 16 Januarie 1902 op Graaff-Reinet verhoor op aanklag van hoogverraad en moord en ter dood veroordeel. Hierdie vonnis is later versag tot vier jaar gevangenisstraf.<sup>38</sup>

Jacobus Bosman was met die uitbreek van die oorlog 'n onderwyser op die plaas Kapokkraal in die Burgersdorpse distrik. Nadat Burgersdorp op 14 November 1899 deur 'n Vrystaatse kommando onder kmdte. Swanepoel en Du Plooy beset is<sup>39</sup>, het Bosman by die Boerekommando's aangesluit. Na vele wedervaringe het hy by genl. Jan Smuts se kommando aangesluit wat op 3 September 1900 die Kaapkolonie binnegeval het. Bosman het op hierdie tog ernstig siek geword as gevolg van malaria wat hy in Oos-Transvaal opgedoen het en hy is naby Cradock agtergelaat. Nadat hy gevange geneem is, het die Engelse hom toegelaat om in

- 
34. (KAB) AG 3494 Attorney General: Preliminary examinations: Rebels Class II, Stellenbosch, 1900-1903: Getuenis van GJH de Swart, 16.5.1902; Getuenis van HJ Joubert, 21.9.1901; Getuenis van HP van Coller, 8.8.1901; Getuenis van AJ de Waal, 14.2.1903; aansoek van AJ de Waal om borgtoeg-Reger R Solomon, 29.12.1902; AG 3552 Attorney General: Full register of Class II cases 1900-1906, Stellenbosch, pp.142-143.
35. (KAB) AG 2044 Attorney General: Correspondence, Anglo Boer War and High Treason, Stellenbosch, 1899-1903: Case of Pierre Roussouw; ML Lotter, Uit de oorlog: Gedichten over gevechten in Griekwaland West enz., en namen van gevangenen te Tokai (Paarl, 1913), g.p.
36. Cd 1364-1902, Report of the Royal Commission appointed to inquire into sentences passed under Martial Law; Schedule I, Cape Colony cases, 1902, no.33, p. 4.
37. A HOFMEYER, *Die Laan en sy mense* (Kaapstad, 1982), p.30.
- (KAB) AG 2044 Attorney General, Correspondence, Anglo Boer War and High Treason, Stellenbosch, 1899-1903; Case of Pierre Roussouw; Cd. 1346-1902: Report of the Royal Commision appointed to inquire into the sentences passed under Martial Law: Schedule 1, Cape Colony Cases, no. 518, p.38.
39. JH BREYTENBACH, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*, I, (Pretoria, 1969), p.447; C. BOSMAN, *Slaan en vlug: Oorlogsondervindings van Jacobus Petrus Bosman gedurende die Tweede Vryheidsoorlog* (Johannesburg, 1946), p.3.

die hospitaal te herstel voordat hy in die tronk op Cradock aangehou is.<sup>40</sup> Op 10 Maart 1902 is Bosman te Cradock ter dood veroordeel weens hoogverraad. Daarna is hy na die tronk op Stellenbosch oorgeplaas, waar hy in die openbaar op die Braak moes aanhoor dat sy doodstraf verander is na lewenslange tronkstraf. Ook dit is later weer verander na drie jaar tronkstraf. Nadat amnestie aan die rebelle verleent is, is Bosman na 18 maande in die tronk op 19 Maart 1903 vrygelaat.<sup>41</sup>

Die twintigjarige Pieter de Vos het Stellenbosch kort voor die oorlog verlaat en na die Transvaal gegaan waar hy Transvaalse burgerskap ontvang het. Nadat hy gevange geneem is, is hy as krygsgevangene na Tuckereiland in die Bermudas gestuur waar hy tot aan die einde van die oorlog aangehou is.<sup>42</sup> Dit kan dus met redelike sekerheid verklaar word dat 11 persone wat oorspronklik van Stellenbosch afkomstig was en wie se ouers nog tydens die oorlog daar gewoon het, gerebelleer het.

## 2. Nasionalistiese uitsprake van Afrikaanse studente

Die enigste tydskrif wat die Afrikanergesinde studentegemeenskap van Victoria Kollege se menings gedurende die oorlog verteenwoordig het, was die *Stellenbosch Students' Quarterly* wat in Junie 1898 vir die eerste maal verskyn het met 'n oplaat van 'n duisend eksemplare. Die publikasie van hierdie kwartaalblad het voortgeduur tot April 1918, behalwe vir die typerk Junie 1901 tot November 1902 toe die publikasie daarvan gestaak moes word as gevolg van die afkondiging van krygswet op Stellenbosch in Januarie 1901. Die uitgawe van Junie 1901 was klaar gedruk, maar die kommandant van Stellenbosch het daarop beslag gelê.<sup>43</sup>

Dit was veral gedurende 1900 dat verskeie artikels met 'n sterk Afrikaner nasionalistiese inslag in die *Stellenbosch Students' Quarterly* verskyn het, asook gedigte wat die lof van die Boerehelde besing het. Te oordeel na die oplaat van

40. C BOSMAN, *Slaan en vlug: Oorlogsondervindings van Jacobus Petrus Bosman gedurende die Tweede Vryheidsoorlog* (Johannesburg, 1946), pp.223, 238, 239-250; *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, 1, p. 773.
41. C BOSMAN, *Slaan en Vlug*, (Johannesburg, 1946), pp. 250-253, 261-263, 274; Cd. 1364-1902, Report of the Royal Commission appointed to inquire into sentences passed under Martial Law, 1902; Schedule 1, Cape Colony cases, p.4.
42. A HOFMEYR, *Die Laan en sy mense* (Kaapstad, 1982), p.30; JA VAN BLERK, *Op die Bermudas beland: My herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, 1949), pp.35-36.
43. H.B. THOM et al, *Stellenbosch 1866-1966: Honderd Jaar van Hoë Onderwys*, pp.286, 303: Redaksioneel: (*Stellenbosch Students' Quarterly*, Nov. 1902, no. 4, vol. III, p.2): Cd. 547-1901: Further correspondence relating to affairs in South Africa, 1901, p.25, no. 26: Telegram van Milner aan Chamberlain, 8.1.1901; P. LEWSEN (ed.), *Selections from the correspondence of John X Merriman* (VRS 17), (Cape Town, 1966), pp.245-146.

hierdie kwartaalblad in 1898 het dit 'n wye leserskring onder die studente en oud-studente van Victoria Kollege gehad. Engelstalige Kaapse koerante het uit die aard van die saak skerp gereageer op sommige van hierdie artikels. Nadat die *Stellenbosch Students' Quarterly* weer in November 1902 verskyn het, het die Afrikaner nasionalistiese inslag van die artikels verdwyn, altans wat die uitgawes van 1902 tot 1904 betref.

In September 1900 het 'n kweekskoolstudent, Jan Steytler, "onder die skuilnaam *Nil Desperandum* (vrylik vertaal beteken dit Nie Desperaat Nie) 'n artikel in die *Quarterly* gepubliseer onder die opskrif "The war as a factor in the evolution of the South African nation."<sup>45</sup> Hierdie artikel het 'n hewige en verontwaardigde reaksie in die Kaapse Engelstalige pers ontlok.

Die skrywer het van die standpunt uitgegaan dat wat ook al die uiteinde van die oorlog sou wees, al sou die twee Republieke byvoorbeeld tot Britse dominiums verklaar word, dit niks sou verander aan die gevolge wat die wandade wat teenoor die Afrikaner gepleeg is, op die Afrikanervolk sou hê nie. Die woorde van Milner, dat die dominasie van die Afrikaners vernietig moes word,<sup>46</sup> is onuitwisbaar op die harte van die ware Afrikaners ingegraveer. Die vernietiging van die Afrikaner as Britse beleid word deur die oorlog in sy volle naakte kwaadwilligheid en wraaksugtigheid geïllustreer, maar sou nie slaag om die Afrikaner se gees, denke en optrede te verlam nie. Die oorlog, al sou dit die onafhanklikheid van die Republieke vernietig,

will raise upon the ruins of the conquered but not humiliated  
Republics an Afrikaner nation from the Limpopo to Cape Agulhas.<sup>47</sup>

Dan vervolg die skrywer:

The harrow has been dragged over the heart of the Afrikaner, has wounded that heart, but has, at the same time, prepared it for the reception of the seed, the crop of which will be a great South African nation.<sup>48</sup>

- 
44. H.B. THOM et al, *Stellenbosch 1866-1966*, (Kaapstad, 1966), pp.302-303. (Volgens 'n medestudent en tydgenoot, J van Sckalkwijk, is Steytler aan die einde van 1900 gelegitimeer en het hy Stellenbosch verlaat, maar is later in die kamp op Matjiesfontein geïnterneer)
45. *Nil Desperandum: The war as a factor in the evolution of the South African nation* (*Stellenbosch Students' Quarterly*, no.1, vol. III, pp.2-4).
46. Vir meer daaroor kyk, JS MARAIS, *The fall of Kruger's Republic* (Oxford, 1962), p.330.
47. *Nil Deperandum: The war as a factor in the evolution of the South African nation* (*Stellenbosch Students' Quarterly*, Sept. 1900, no. 1. Vol. III, pp.3-4).
48. *Nil Deperandum: The war as a factor in the evolution of the South African nation* (*Stellenbosch Students' Quarterly*, Sept. 1900, no. 1. Vol. III, pp.3-4).

Dit is duidelik dat die skrywer daarvan oortuig was dat die oorlog nie die einde van die Afrikaner sou beteken nie. Inteendeel, die oorlog sou as stukrag vir die groei van die Afrikanernasie dien.

Hierdie artikel, soos reeds vermeld, het hewige reaksie in die Engelstalige pers in Kaapland ontlok. ‘n Voorbeeld van so ‘n reaksie het verskyn in die *Eastern Province Herald* van 20 Oktober 1900. Volgens die onbekende skrywer was hy daarvan oortuig dat die sterk anti-Britse gesindheid wat *Nil Desperandum* se artikel uitstraal, deur die Kollegeraad aangemoedig word. Stellenbosch, in die algemeen, en die Victoria Kollege in die besonder, was na sy mening besig om in ‘n “rebel factory” te verander, en daarom moes die aandag van die gesaghebbendes daarop gevestig word

to at least check the further growth of an evil, fraught with much danger to the future of South Africa.<sup>49</sup>

Byna ‘n jaar later het die onbekende korrespondent weer na hierdie artikels in die *Quarterly* verwys en verklaar dat dit ‘n anti-Britse gesindheid uitdra met die doel om Krugerisme te ondersteun. Na hierdie korrespondent se mening sou dit mee help om rebelle onder die studente te kweek.<sup>50</sup>

Die redakteur van die *Quarterly*, A.H. Cluver, het in antwoord op bogenoemde reaksie daarop gewys dat die tydskrif as spreekbuis gedien het vir die studente se menings rakende die brandende politieke vraagstukke van die dag. Cluver het ook ontken dat die Kollegeraad enige inspraak gehad het in die materiaal wat in die tydskrif gepubliseer is.<sup>51</sup>

Vir Jan Steytler, ofte wel *Nil Deperandus*, was dit ontstellend dat pogings aangewend is om die publikasie van artikels met ‘n politieke aanslag,

particular discussion of such questions as may involve a reference to England’s infamous South African policy,<sup>52</sup>

in die *Quarterly* te verhoed deur die studente te intimideer met dreigemente dat teenoor die Victoria Kollege gediskrimineer sou word en dat die Kollege selfs moontlik gesluit kon word. Ten spyte van hierdie dreigemente het hy steeds

- 
49. (KAB) SGE 1/260 Superintendent of Education, Miscellaneous Letters received, Stellenbosch, 1900, g.d., g.p. (Knipsel van Eastern Province Herald, 20.10.1900 (Sedition in Schools)).
  50. *The Eastern Province Herald*, 13.11.1901 (The case of Mr. Bartmann).
  51. AH Cluver, Editorial notes (*Stellenbosch Students’ Quarterly*, Des. 1900, no.2, vol. III, pp.1-2).
  52. Nil Deperandus: The “Quarterly” and politics (*Stellenbosch Students’ Quarterly*, Des. 1900, no. 2, vol. III, pp.8-10).

ge glo dat die *Quarterly* publisiteit aan die studente se menings moes verleen, aangesien die tydskrif wyd gelees is deur oud- sowel as toenmalige studente.<sup>53</sup>

Ten spye van hierdie aansprake dat die *Quarterly* die reg gehad het om artikels te publiseer waarin die politiek van die dag aangespreek is, is dit duidelik dat daar subtiese druk op die redaksie uitgeoefen is om die praktyk te staak. Hierdie druk het gekom van die kant van die South African Vigilance Committee met sy hoofkwartier in Kaapstad, die Stellenbosch tak van die Vigilance Committee, die Senaat van die Victoria Kollege en dr. Thomas Muir, die Superintendent-Generaal van Onderwys van Kaapland.<sup>54</sup> Hierdie subtiese druk sowel as die invloed van die toepassing van die krygswetregulasies het, soos reeds hierbo vermeld, daartoe bygedra dat die publikasie van tydskrif gedurende Junie 1901 en November 1902 gestaak moes word en dat artikels met 'n Afrikaner nasionalistiese inslag nie gedurende 1902 tot 1904 in die *Quarterly* gepubliseer is nie. Met die implementering van krygswet en die verbod op die publikasie van die *Quarterly* tot November 1902, d.w.s. tot na die einde van die oorlog, is die studente effektiel ontneem van hulle openbare politieke deelname.

Die oorlog het direk daartoe bygedra dat 'n student-unie, die voorloper van die studenteraad, op Stellenbosch gestig is. Die *Quarterly* berig in September 1900 dat daar al lank 'n behoefte onder die studente bestaan het om 'n vereniging te stig wat oor hulle belang kon waak en om 'n suiwer nasionaliteitsgevoel onder die studente aan te wakker.

De vreeselike oorlog, die tans nog woedt, ons geliefd Zuid Afrika in een bloedbad en woestenij veranderd heeft, droeg er veel toe bij, men er eindelijk toe besloot om een Studenten Unie op te richten.<sup>55</sup>

Vir die studente was die tyd by uitnemendheid geskik om so 'n Unie te stig indien hulle hulle nasionaliteit wou behou en indien hulle nog seggenskap wou hê oor die toekoms van hulle volk. Onder groot belangstelling is 'n monstervergadering op 28 April 1900 gehou waartydens daar eenparig besluit is tot die stigting van De Stellenbossche Studenten Unie. 'n Week later is die konsepreëls goedgekeur en is die eerste ampsdraers verkies. Die Unie het ook onderneem om aan voornemende studente inligting in verband met losies te

53. Nil Deperandum: The "Quarterly" and politics (*Stellenbosch Students' Quarterly*, Des. 1900, no. 2, vol. III, pp.8-10).

54. (KAB) 3/STB, 1/2/2/1/1 Town Clerk, Stellenbosch: Vigilance Committee Minutes, 28.3.1900, pp.1-4; (KAB) A 539 Accessions: South African Vigilance Committee Minute Book, 1900-1901: Notule van 18.6.1900, g.p.; (US Argief) 2/1/5 Notule van die Senaat van Victoria Kollege, 24.10.1900, 30.10.1900, g.p.; (KAB) SGE 1/260 Superintendent of Education: Miscellaneous letters received from Stellenbosch: Telegram van dr. Muir-Dr. Walker, 25.10.1900; Brief van dr. Walker-dr. Muir, 1.11.1900, g.p.

55. Anon, De Stellenbossche Studenten Unie (*Stellenbosch Students' Quarterly*, Sept. 1900, no. 1, vol. III, pp.6-7).

verskaf. Die Unie het hom voorts ook beywer vir die verkryging van stemreg vir studente wat die ouderdom van 21 jaar bereik het en vir die oprigting van Suid-Afrikaanse handelsmaatskappye.<sup>56</sup>

‘n Lid van die Waaksaamheidskomitee (Vigilance Committee) wat Stellenbosch op 22 en 23 Junie 1900 besoek het, het gerapporteer dat die Studente Unie van Victoria Kollege vir alle praktiese doeleindes nie net ‘n tak van die Afrikanerbond was nie, maar in werklikheid ook ‘n boikotkomitee was. Inligting is ontvang dat die Unie tydens ‘n geheime vergadering besluit het om studente aan te moedig om alle Engelse losieshuise te boikot, om druk uit te oefen sodat die bestuurders van losieshuise hul aankope net by Afrikaner winkels moes doen en om nuwe studente by die spoorwegstasie te ontmoet en hulle na Afrikaner losieshuise te vergesel. Die vrees is ook uitgespreek dat die Studente Unie ‘n diepgaande invloed op jong studente kon uitoefen en ‘n anti-Britse gesindheid by hulle sou kweek.<sup>57</sup>

Die Afrikaner nasionalistiese studente het nie net die *Quarterly* gebruik om hulle politieke sieninge, asook hulle simpatie met die Republiekinse saak uit te druk nie. Hulle het dit ook in die openbaar binne die studentegemeenskap gedoen. Uiterraard het sodanige optrede tot groot ontsteltenis onder die lojaliste geleid. ‘n Voorbeeld hiervan was toe eerw. J. Macmillan, die superintendent van die Eikenhof losieshuis op Stellenbosch, deur van die Afrikaner-nasionalistiese gesinde studente op ‘n vae wyse daarvan beskuldig is dat hy homself sterk teenoor die Afrikaners, hulle kerk en die predikante uitgedruk het. Aangesien hulle daardeur beledig gevoel het, het hulle besluit om die losieshuis te verlaat.

Eerw. Macmillan het hierdie beskuldiginge ontken, maar hy is by die beheerraad aangekla en Eikenhof is as ‘n losieshuis gesluit.<sup>58</sup>

### 3. Die oorlog en plaaslike blankes skole

Die drie prominentste skole vir blanke leerlinge op Stellenbosch gedurende die oorlog was die Stellenbosch Boys’ High School, ook bekend as die Boys’ Public

- 
56. Anon, De Stellenbosche Studenten Unie (*Stellenbosch Students' Quarterly*, Sept. 1900, no. 1, vol. III, pp.6-7).
57. (NAB) CO 48/547 Report on a visit to Stellenbosch by a member of the Vigilance Committee, 22.6.1900 (FK 775, pp.17-18); W.M. MACMILLAN, *My South African Years: An Autobiography*, (Cape Town, 1975), pp.57-59.
58. (KAB) SGE 1/260 Superintendent of Education: Miscellaneous letters received from Stellenbosch, 1900, g.d., g.p.: J Macmillan-Dr. Muir, 1.9.1900; E de Villiers - J Macmillan, 17.9.1900; J Baily - J Macmillan, 12.9.1900; W.M. MACMILLAN, *My South African Years: An Autobiography* (Cape Town, 1975), p.57.

School of die Gimnasium,<sup>59</sup> die Bloemhof Seminarie vir dogters en die Rynse Instituut. Eersgenoemde twee skole was staatsondersteunde skole en leerlinge van dwarsoor die Kaapkolonie sowel as die Transval en die Oranje-Vrystaat het daar onderwys ontvang. Die Rynse Instituut was 'n privaat skool. Beide Engels- en Hollandssprekende onderwysers het in die drie skole onderwys gegee. Teen hierdie agtergrond is dit nie verbasend dat die oorlogstoestande die drie skole nie onaangeraak gelaat het nie.

'n Aangeleentheid wat tot uitgebreide korrespondensie met die Superintendent-General van Onderwys (SGO), dr. Thomas Muir, aanleiding gegee het, was toe die woorde "Damn the Queen" in die pleistering van die toiletmuur van die Boys' Public School, die voorloper van Paul Roos Gimnasium, uitgekrap is.<sup>60</sup> Die rektor van die skool, dr. J.F. Marais, is daarvan beskuldig dat hy nie hierdie "disgusting words" onmiddellik laat verwyder het nie.<sup>61</sup>

Die aangeleentheid het 'n politieke kwessie geword toe 'n bekommernede lojalis die redakteur van die *Cape Argus* daarop gewys het dat dr. Marais 'n lid was van die Stellenbosse tak van die Versoeningskomitee wat hy beskryf het as

a pro-Boer organisation whose programme ... consists of a direct negative to the policy of Her Majesty's Government.<sup>62</sup>

Die skrywer het daarop gewys dat dr. Marais, omdat die helfte van sy salaris deur die staat betaal is, na sy mening 'n staatsamptenaar was en dat hy daarom nie toegelaat kon word om by politieke sake betrokke te raak nie. 'Loyalist' wys dan daarop dat

(There) has been a lot of disloyalty rampant lately at the Boys' Public School, Stellenbosch...Truly, a bad state of things, but only what might be expected when the principal is a member of a pro-Boer Vigilance Committee, and a number of the School Council approve of his conduct.<sup>63</sup>

Dr. Marais is ook daarvan beskuldig dat hy toegelaat het dat van die leerlinge strikkies in die kleure van die Republieke op hulle baadjielapelle dra, terwyl hy

- 
59. OC van Wyk, *Die geskiedenis van Paul Roos Gimnasium en sy voorgangers*, p.176 (Ongepubliseerde MA-tesis, US, 1981).
60. Die volledige korrespondensie i.v.m. hierdie saak is te vind in (KAB) SGE 1/260 Superintendent General of Education: Miscellaneous letters received from Stellenbosch, 1900, g.d., g.p.
61. (KAB) SGE 1/260: Miscellaneous letters received, 1900: Dr. JF Marais: Regarding certain inscriptions on the walls of the waterclosets belonging to the Stellenbosch Public School, g.d.
62. *The Cape Argus*, 15.8.1900 (Loyalist-A Pertinent Question).
63. *The Cape Argus*, 15.8.1900 (Loyalist-A Pertinent Question).

ander leerlinge verbied het om die Britse kleure te vertoon.<sup>64</sup> Dr. Marais het hierdie aanklag ten sterkste ontken.<sup>65</sup>

Op 24 Mei 1901 het dr. Marais tydens 'n hengeluitstappie by Hangklip verdrink. Sy dood het 'n nuwe stryd tussen die Beheerraad van die skool en die Superintendent-Generaal van Onderwys oor die benoeming van sy opvolger ontketen. Die Beheerraad, onder voorsitterskap van ds. J.H. Neethling, het die SGO, dr. Muir, op 6 September 1901 meegedeel dat hulle A.B. Bartmann as rektor van die skool benoem het.<sup>66</sup> Die Vigilance Committee van Stellenbosch sowel as *The Eastern Province Herald* het beswaar aangeteken teen Bartmann se benoeming as rektor omdat hy anti-Britse sentimente sou openbaar het en dus nie aangestel moes word nie.<sup>67</sup> Die gevolg van die besware was dat dr. Muir Bartmann se benoeming as rektor afgewys het. Nadat die Boys' Public School maande lank sonder 'n rektor was, is W.H. Homeyr se benoeming vir die pos aanvaar nadat vasgestel is dat hy nooit aan pro-Boer aktiwiteite deelgeneem het nie.<sup>68</sup>

Die personeel en leerlinge van die Bloemhof Seminarie is ook direk geraak deur die oorlog. Van die dogters het byvoorbeeld geweier om aan die Kersfeesviering van 1899 deel te neem, tensy die Union Jack uit die Bloemhof versierings gehaal word.<sup>69</sup>

Engelsprekende ouers het ook 'n klagskrif aan dr. Muir, die SGO, gestuur waarin hulle die volgende besware teen Bloemhof aanhangig gemaak het: dat teen hulle kinders gediskrimineer word, dat anti-Britse literatuur onder die leerlinge versprei word, dat die skool die Engelssprekende slagter boikot en dat hulle geen aandeel in die beheerraad van die skool gehad het nie.

Van die Engelssprekendes het hul kinders na die Rynse Instituut, 'n privaat skool, gestuur waar hulle meer aan skoolfooie moes betaal. Aangesien daar sprake was dat die

64. *The Cape Argus*, 28.8.1900 (CF Jones: The "Pertinent Question" – What does the Doctor say to this).
65. *The Cape Argus*, 20.8.1900 (JF Marais: The Pertinent Question).
66. OC van Wyk: Die geskiedenis van Paul Roos Gimnasium en sy voorgangers, 1866-1978 (Ongepubliseerde MA-tesis, US, 1981), p.189.
67. (KAB) SGE 1/295 Superintendent of Education: Miscellaneous letters received, Stellenbosch, 1901: Secr. of SA Vigilance Committee-SGE, 16.9.1901, no. 171; Ingelose brief van JJ van Wyk-Secr. of SAVC, g.d.; *The Eastern Province Herald*, 13.11.1901 (The case of Mr Bartmann).
68. OC van Wyk, Die geskiedenis van Paul Roos Gimnasium en sy voorgangers, 1866-1978 (Ongepubliseerde MA-tesis, US, 1981), pp.189-190.
69. JJF Joubert, Geskiedenis van Bloemhof, 1875-1945 (Ongepubliseerde M.ED- tesis, US, 1945), pp.68-69); (KAB) SGE 1/260 Miscellaneous letters received from Stellenbosch, 1900: Watermeyer-Dr. Muir, 5.3.1900, g.d., g.p.

Rynse Instituut sou sluit, in welke geval Bloemhof nie al die leerlinge kon akkomodeer nie, het hulle die SGO versoek om 'n tweede staatsondersteunde meisieskool in Stellenbosch te stig.<sup>70</sup> As gevolg van die klages van die Engelssprekende ouers moes 'n vergadering waartydens nuwe lede verkies sou word, in die pers bekend gestel word. As gevolg van die krygwetregulasies moes verlof van die militêre owerhede eers verkry word voordat die vergadering gehou kon word. Tydens die vergadering wat op 26 Maart 1901 plaasgevind het, is die dienende lede almal, op een persoon na wat oorlede is, herkies. Ironies genoeg was al die lede weer Afrikaanssprekendes. 'n Verslaggewer van die *South African News* is spesiaal gestuur om die vergadering by te woon en daaroor verslag te doen.<sup>71</sup>

Twee Engelssprekende onderwyseresse van Bloemhof, mej. Wilson en Tyndall, het in Junie 1900 bedank omdat die lewe vir hulle op Stellenbosch as gevolg van the petty persecutions on account of their nationality,<sup>72</sup>

te ondraaglik geword het. Bloemhof het om 'n heel ander rede nog 'n personeellid verloor. Mej. Janssens, die onderwyseres wat Hollands onderrig het, se sterk pro-Boer sentemente het tot haar ontslag aanleiding gegee!<sup>73</sup>

Die Rynse Instituut het ook 'n onderwyseres ontslaan oor haar pro-Boer sentemente. Die skoolhoof, mej. Pick, het gekla dat die onderwyseres, mej. Schroeder, haar oor 'n lang tydperk geignoreer het, die Afrikaanssprekende leerlinge teen haar opgesweep het en

sneered in their presence at things I did on the days of celebrating the relief of Kimberley and Ladysmith.<sup>74</sup>

Mej. Schroeder het selfs so ver gegaan om 'n brief aan een van die leerlinge se vader te stuur waarin sy gevra het of hy bereid sou wees om te rebellleer. Mej.

- 
70. (KABO SGE 1/260 Miscellaneous letters received from Stellenbosch, 1900: W Edwards-Muir, 4.7.1900; (NAB) CO 48/547 Report on a visit to Stellenbosch by a member of the Vigilance Committee, 2.7.1900, p.21 (FK 775); JJF Joubert: Geskiedenis van Bloemhof, 1875-1945 (Ongepubliseerde M.Ed.-tesis, US, 1945), pp.68-69.
  71. (KAB) SGE 1/295 Miscellaneous letters received from Stellenbosch, 1901: Prof. J Marais-SGO, 14.2.1901: *Ibid.* Ds. JH Neethling se verslag-Dr. Muir, 28.3.1901.
  72. (KAB) SGE 1/260 Superintendent of Education: Miscellaneous letters received, Stellenbosch, 1900: Nota van Muir, 9.6.1900, g.d., g.p.
  73. JJF Joubert, *Geskiedenis van Bloemhof, 1875-1945* (Ongepubliseerde M.ED-tesis, US, 1945), pp.71, 73-74.
  74. (KAB) SGE 1/259 Miscellaneous letters received from Stellenbosch, 1900: Pick-SGO, 28.7.1900, g.d., g.p.

Pick het nie kans gesien om Schroeder langer as personeellid te aanvaar nie en het haar versoek om te bedank wat Schroeder dan ook gedoen het.<sup>75</sup>

## 5 Die invloed van professore van die Victoria Kollege

Op Stellenbosch, soos ook op talle plekke in die Kaapkolonie, het die Afrikaners begin om sakeondernemings in besit van Engelssprekendes te boikot. Volgens 'n lid van die Waaksaamheidskomitee het die professore van die Teologiese Seminarie, onder leiding van prof. C.F.J. Muller, die boikotaksie van stapel gestuur. Die invloed van die professore en studente van die Teologiese Seminarie het ook uitgekrag na die studente van die Victoria Kollege, aangesien prof. Marais die voorsitter was van sowel die Kollegeraad as die Raad van die Teologiese Seminarie. Saam met ds. J.H. Neethling, die sekretaris, het hierdie twee persone beide die twee onderwysinrigtings beheer. Daar is gevrees dat hulle groot invloed op nuwe studente kon uitoefen. In hierdie verband word die voorbeeld genoem van 'n student, by name Searle, wat as 'n "goeie lojalis" uit Natal na Stellenbosch gekom het, maar so deur prof. Marais en ds. Neethling met hulle politieke sieninge geïndoktrineer is dat hy een van die mees oortuigde pro-Boer studente geword het.<sup>76</sup> Klaarblyklik as gevolg van die invloed van prof. Marais het die Kollegeraad geweier om die Kollege se saal beskikbaar te stel vir 'n konsert ten behoeve van gewonde en siek Britse soldate, alhoewel dit die enigste saal op Stellenbosch was wat vir 'n konsert gebruik kon word. Vir hierdie lid van die Waaksaamheidskomitee was dit 'n verdere bewys dat die Kollegeraad gekant was teen alles wat Engels is.<sup>77</sup>

Die *Eastern Province Herald* het berig dat die predikante van die NG Kerk hulle posisie as leraars misbruik het om hulle politieke ideologië te verkondig. Dit was dan ook die rede waarom so baie van hulle op daardie stadium, d.w.s. teen November 1901, deur die Britte uit hulle gemeentes verwyder is. Met verwysing na die rol wat die professore van die Teologiese Seminarie gespeel het, verklaar die onbekende outeur soos volg:

Stellenbosch, we suppose, is mainly responsible for the fact that the bulk of the clergy of the Dutch Reformed Church have openly sympathised with the enemy, and have persistently exercised their influence with their flocks in that direction.<sup>78</sup>

- 
75. (KAB) SGE 1/259 Miscellaneous letters received from Stellenbosch, 1900: Pick-SGO, 28.7.1900, g.d., g.p.
76. (NAB) CO 48/547 Report on a visit to Stellenbosch by a member of the Vigilance Committee, 22.6.1900 (FK 775, pp.17-18).
77. Ibid. p.23.
78. *The Eastern Province Herald*, 13.11.1901 (The case of Mr. Bartmann).

Teen die agtergrond van die artikels met ‘n pro-Afrikaner inslag wat in die *Stellenbosch Students’ Quarterly* gepubliseer is, die anti-Britse optrede van die studente van die Victoria Kollege en die leerlinge en onderwysers van die plaaslike skole waarna hierbo verwys is, asook die invloed wat van die professore van die Teologiese Seminarie en die Kollegeraad uitgegaan het, kom die Vigilance Committee tot die volgende gevolgtrekking:

The weakness of the whole educational system at Stellenbosch, from our point of view, is that it is entirely in the hands of the Dutch. The most favourable point to attack is the College Council. It is a body with great powers, and entirely controls the Victoria College and the Boys’ Public School. At present it is entirely in the hands of the Dutch.<sup>79</sup>

Hierdie verslag het groot ontsteltenis onder die amptenare van die Koloniale Kantoor in Londen veroorsaak. So byvoorbeeld het een Lambert daarby aangeteken dat

educational disloyalty is one of the worst influences against us,  
en die hoop uitgespreek dat lojaliste daarin sou slaag om lid van die Kollegeraad te word. Sy kollega, Graham, het bygevoeg dat die verslag ‘n bewys was van die deplorable state of things we may expect throughout the Cape Colony.

Graham was voorts van mening dat die onversoenbares teen die Britse beleid Stellenbosch, as die belangrikste opvoedkundige sentrum buite Kaapstad, gaan gebruik om die opkomende geslag studente deur middel van leuens en die aanbieding van ‘n verwrone geskiedenis só te beïnvloed dat die anti-Britse gevoel binne tien of twintig jaar baie wyer verspreid en die verbittering veel dieper gesetel sou wees as op daardie moment. Dié amptenaar het geen raad gehad oor hoe om die anti-Britse gevoel te stuit nie, aangesien die magtige NG Kerk daarby betrokke was.<sup>80</sup>

In November 1900 het ‘n aantal predikante van die NG Kerk op Stellenbosch vergader om oor die oorlog te besin. In hulle memorandum het hulle die oorlog en die militêre metodes van die Britte, soos die verbanning van predikante uit hulle gemeentes, die ontheiligung van kerke, die afbrand van plaaswonings, en

---

79. (NAB) CO 48/547 Report on a visit to Stellenbosch by a member of the Vigilance Committee, 22.6.1900 (FK 775, pp. 22-23).

80. (NAB) CO 48/547 Report on a visit to Stellenbosch by a member of the Vigilance Committee, 22.7.1900 (FK 775, pp.9-11), aantekeninge vasn H Lambert, 24.7.1900 en J Graham, 30.7.1900.

die konsentrasiekampe ten sterkste afgekeur. Hulle was ook van mening dat die oorlog deur middel van arbitrasie verhoed kon gewees het.<sup>81</sup>

## 6. Verdeeldheid, rassespanning en ontevredenheid binne die breë gemeenskap

Die oorlog het die Stellenbosse gemeenskap verdeeld gelaat. ‘n Engelstalige Kaapse dagblad verwys in Desember 1900 na Stellenbosch “as a hot-bed of sedition”. Volgens die korrespondent was dit vir ‘n besoeker spoedig duidelik dat ‘n sterk pro-Republikeinse gesindheid in Stellenbosch geheers het.<sup>82</sup>

Die sakegemeenskap is ook deur die verdeeldheid geraak. Die lojaliste-winkeliers is nadelig getref deur die sogenaamde “Boycott of die Afrikander Winkel”. Die Republikeinsgesindes het die lojaliste-winkels geboikot en slegs hul inkope by die “Boycott Winkel” gedoen “which for some time past has been doing a roaring trade”, aldus die koerant. Daar was klaarblyklik twee sulke boikotwinkeliers, te wete De Hollandsche Winkel en die Afrikander Store. Een van die plaaslike slagters, Rattray, het baie klante verloor as gevolg van die boikotbeweging. Onder diegene wat hulle steun aan Rattray ontrek het, was proff. Muller, De Vos en Hofmeyr. Hulle het ook gesorg dat die studentekoshuis se rekening, wat £200 beloop het, van Rattray ontrek is. Die professore van die Teologiese Skool het die leiding in hierdie boikot-aksie geneem en selfs die Raad van die Victoria Kollege en die studente in dié verband beïnvloed.<sup>83</sup>

Volgens die *Cape Times* het die lojaliste in die dorp op velerlei wyses beledigingservaar. So moes hulle toesien dat die pro-Republikeine hoedbande en dasse in die kleure van die Vierkleur dra. Op hul beurt het die dames linte om hulle hoede gedra waarop die name van die Boerekommandante in goud geborduur was. ‘n Ander vorm van belediging was toe ‘n besoekende Duitse orkes in die openbaar, en tot groot ontsteltenis van die lojaliste, aanhouwend die Republikeinse volksliedere gespeel het. Hierdeur het die orkes ‘n aansienlike geldelike bydrae van die studente en die ander inwoners ontvang. Toe ‘n Engelssprekende winkelier die orkesleier ‘n sjeling aanbied om die Britse volkslied te speel, het ‘n aantal pro-Boer winkeliers hom onmiddelik omgekoop om die uitvoering daarvan te staak en voort te gaan met die Republikeinse volksliedere. Dit het die orkes toe gedoen.<sup>84</sup>

- 
81. Cd. 547-1901 Further correspondence relating to affairs in South Africa: NJ Hofmeyr e.a.-A Milner, 7.12.1900, no.22, pp.18-21.
  82. *Cape Times*, 4.12.1900 (Stellenbosch today: A hot-bed of sedition).
  83. *Ibid*; (NAB) CO 48/547 Report on a visit to Stellenbosch by a member of the Vigilance Committee, 22.6.1900 (FK 775, pp.15-17).
  84. *Cape Times*, 4.12.1900 (Stellenbosch today: A hotbed of sedition).

Die spanning tussen die lojaliste en die Republikeinsgesindes is verdiep deur hulle uiteenlopende sieninge oor wat met die Republieke na die oorlog moes gebeur. Tydens ‘n vergadering van die Stellenbosse tak van die Versoeningskomitee op 27 Maart 1900 is ‘n mosie aanvaar waarvolgens die onafhanklikheid van die Republieke behou moes bly.<sup>85</sup> Hierdie mosie moet in die konteks gesien word van die Britse militêre suksesse en die inname van Bloemfontein op 13 Maart 1900. Die vraag op daardie stadium was wat van die Republiek se onafhanklikheid sou word nadat Pretoria deur die Britte ingeneem is. ‘n Paar dae na hierdie vergadering het die Vigilance Committee ook ‘n vergadering op Stellenbosch gehou ‘n Kaapse koerant het onder die opskrif “Under one flag: The Republics must go”, gerapporteer dat die vergadering eenparig hulle steun aan die anneksasie van die Republieke toegesê het.<sup>86</sup>

Die spanning tussen die blanke lojaliste en die Republikeinsgesindes het oorgespoel na die Kleurlinggemeenskap wie se simpatie en lojaliteit by die Britte gelê het. Hierdie spanning het op 1 Maart 1900 tot ‘n gewelddadige botsing tussen die Kleurlinge en die studente aanleiding gegee toe ‘n skare van bykans ses duisend mense jubelend deur Stellenbosch se strate marsjeer het nadat die tyding ontvang is dat Ladysmith ontset is.<sup>87</sup> Die *Cape Times* het skerp op hierdie gebeure gereageer:

As usual the Victoria College Student element was strongly in evidence, augmented by their confrères of the Theological Seminary, and several attempts were made by them to obstruct the procession, and ending in a free fight in which clubs, stones and bricks etc. circulated with freedom. Great indignation is felt by loyalists here at the disgraceful exhibition by these young rebels.<sup>88</sup>

Die leiers van die Kleurlinggemeenskap van Stellenbosch het op hul beurt in Januarie 1901, onder die leiding van eerw. Weeber, ‘n adres aan sir Alfred Milner oorhandig waarin hulle die vertroue uitgespreek het dat wanneer die verowerde Republieke by die Britse Ryk ingelyf is, die Kleurlinge in daardie eertydse republieke dieselfde poltieke regte sou verkry as wat hulle op daardie

- 
85. Cd. 261-1900, Further correspondence relating to affairs in South Africa, p.58: Notule van vergadering op Stellenbosch, 27.3.1900.
86. (KAB) 3/STB 1/2/2/1/1 Archives of the Town Clerk, Stellenbosch: Vigilance Committee Minutes, 3.4.1900, pp.1-5 (Die koerant word nie geïdentifiseer nie).
87. (KAB) AG 850 Attorney General: Letters received, Stellenbosch, no. 70: Getuenis van ds. JH Neethling, prof. SA Hofmeyr en hoofkonstabel JF Smith.
88. *Cape Times*, 3.3.1900 (Riot at Stellenbosch).

stadium in die Kaapkolonie gehad het - iets wat nie gebeur het nie. Hulle het ook hulle lojaliteit aan die Britse regering betuig.<sup>89</sup>

Die afkondiging van krygwet in Stellenbosch op 7 Januarie 1901<sup>90</sup> het tot irritasies en ontevredenheid onder die plaaslike inwoners aanleiding gegee, veral toe die bepalings daarvan op 15 Januarie bekend geword het.<sup>91</sup> Die toepassing daarvan het die Stellenbossers ontneem van hulle bewegingsvryheid, vryheid van spraak en persvryheid. John X. Merriman het daarna verwys as “a perfect reign of terror.” Hy is dan ook die enigste inwoner van die distrik wat as gevolg van die krygwetregulasies vir drie dae onder huisarres geplaas is.<sup>92</sup>

Die toenemende opkommandering van trekdiere en die wyse waarop dit deur die kommandant toegepas is, het tot ‘n tekort aan trekdiere aanleiding gegee en ook groot ontevredenheid onder die boeregemeenskap veroorsaak.<sup>93</sup>

## 7. Vlugtelinge en weeskinder

Stellenbosch, soos talle ander dorpe in die Kaapkolonie, het ook ‘n heenkomte vir vlugtelinge uit die Republieke geword. Die omvang hiervan kon egter nie vasgestel word nie, maar dit blyk dat beide Engels- en Hollandssprekendes hierheen uitgewyk het.<sup>94</sup> Stellenbosch het na die oorlog ook ‘n toevlugsoord vir 25 weeskinderen van die konsentrasiekamp van Brandfort geword toe hulle vir aanneming daarheen gestuur is. Hierdie kinders het op 4 Februarie 1903 op Stellenbosch aangekom.<sup>95</sup>

- 
89. Cd. 547-1901, Further correspondence relating to affairs in South Africa: Milner-Chamberlain, 9.1.1901, no. 37: Adres aan Milner, 5.1.1901, p.34.
90. Cd. 547-1901, Further Correspondence relating to affairs in Soutj Africa: Milner-Chamberlain, 8.1.1901, no. 26, p.25.
91. (KAB) SGE 1/295 Superintendent of Education: Miscellaneous letters received, Stellenbosch, 1901: Afkondiging van krygwet in Stellenbosch, 15.1.1901.
92. P Lewsen (ed.), *Selections from the correspondence of John X Merriman, 1899-1905* (VRS 17), (Cape Town, 1966), pp.247, 300-304.
93. (KAB) AG 934 (Part 2) Attorney General: Letters received, Stellenbosch, 1901: Herold-Secretary to Law Department, no. 201, 25.4.1901.
94. (KAB) 3/STB, 1/1/17 Town Clerk, Stellenbosch: Council Minutes, Jul. 1899-Dec. 1903; Vergadering van 12. 12 1899, pp.153-154; W.M. MACMILLAN, *My South African Years: An Autobiography*, (Cape Town, 1975), p.57.
95. (NGK-Archief, Kaapstad) G2/3a/5 NG Gemeente, Stellenbosch: Korrespondensie, verslae, vorms, state, 1898-1945: Leer gemerkt Versorging van kinders uit konsentrasiekamp van Brandfort, OVS, Nov. 1902-Jan. 1903: De kinderen die op den 4 Februarie (1903) zyn gekomen zyn geplaats als volgt.

## 8. Slot

Stellenbosch het tydens die Anglo-Boereoorlog om twee redes bekend, of liewers berug, geword. Eerstens omdat onbevoegde Britse offisiere daarheen "gestellenbosch" is. In die tweede plek omdat die oorlog so 'n opwelling van Afrikanernasionalisme en 'n anti-Britse gevoel veroorsaak het. Dit het tot gevolg gehad dat die dorp as 'n "rebel factory" beskou is. Die erns waarmee die Engelssprekendes en die Britse owerhede dit bejeën het, moet toegeskryf word aan die feit dat Stellenbosch so 'n belangrike opvoedkundige sentrum was wat 'n belangrike invloed op die politieke denke van die studerende jeug kon uitoefen. Die rol wat die Vigilance Committee gespeel het om hierdie anti-Britse gevoel onder die Kaapse en Britse regerings en die algemene publiek se aandag te bring, moet nie onderskat word nie. Dat die jaar 1900 die storm-en-drang tydperk op Stellenbosch was, word weerspieël deur die feit dat die Vigilance Committee in 1900 soveel as 15 vergaderings gehou het. Nadat krygswet sedert 1901 tot aan die einde van die oorlog 'n demper op die anti-Britse en Afrikanernasionalistiese uitinge geplaas het, het die Vigilance Committee in 1901 en 1902 slegs vier vergaderings per jaar gehou. Dit toon duidelik dat die belangstelling van die lede verflou het en dat die bestaansreg van die Vigilance Committee verdwyn het. Die Vigilance Committee het ook 'n sterk bondgenoot gehad in die Engelstalige pers in die Kaapkolonie. Die erns waarmee die anti-Britse sentimente op Stellenbosch beskou is, word ook weerspieël deur die sentimente van die algemene bestuurder van Standard Bank in Suid-Afrika, Lewis Mitchell. Hy het op 18 Julie 1900 aan die bank se hoofkantoor in Londen soos volg geskryf:

With reference to the proposed change of the capital from Pretoria to Johannesburg, strongly urged by the Eckstein group, the question is a serious one, and the change, if carried out, will, we fear, be fraught with danger to the new government. It will tend to alienate Dutch and Afrikaner sympathy, create in Pretoria a hot bed of intrigue – make it in fact, a second Stellenbosch.<sup>96</sup>

Die Anglo-Boereoorlog het ook 'n negatiewe invloed uitgeoefen op die getal studente wat aan die Victoria Kollege gedurende 1899-1902 gestudeer het. Volgens die verslag van die Senaat het die getal studente van 210 gedurende 1898-1899 gedaal tot 196 vir die tydperk 1900-1901. Die Senaat het die volgende verklaring vir hierdie dalende getalle gegee:

Owing to the disturbed circumstances of the country a smaller proportion than usual of new students entered the College in January last. Still the Senate is happy to state that the College numbers

---

96. (Standard Bank Archives) GMO 3/1/36 GM-LO, General no. 29/00, 18 July 1900, par 20, f 28, p.543 (General Manager's weekly correspondence with London office). Inligting verskaf deur Barbara Conradie van die Standard Bank Argief.

throughout have been steadily maintained, and that, with a very few exceptions, students have been able to carry on their studies without serious interruptions.<sup>97</sup>

In 1902 het die studente getalle verder gedaal tot 142, maar teen 1904 het die getalle weer toegeneem tot 156.<sup>98</sup>

Kort na die oorlog het 'n sterk anti-Britse gevoel in die NG gemeente van Stellenbosch merkbaar geword toe daar op 5 Oktober 1904 op 'n gemeentelike vergadering besluit is om die eredienste wat sedert 1893 in die NG Kerkgebou op Sondagaande in Engels gehou is, te staak, behalwe in uitsonderlike gevalle waar die Kerksraad spesiale vergunning daartoe sou verleen.<sup>99</sup>

Hoe dit ookal sy, Stellenbosch het gedurende die oorlogsjare ook sy "town-crier" of dorpsaankondiger gehad, naamlik Aasvoël. Hy het gereeld met sy klok op straathoek stelling ingeneem om belangrike kennisgewings, soos die afkondiging van krygswet, onder die aandag van die publiek te bring. Op 2 Junie 1902 het hy die einde van die oorlog aangekondig en die studente het hom as die "vredesengel" skouerhoog verby die Kweekskool na die Hoofgebou van die Victoria Kollege gedra.<sup>100</sup>

### Summary

#### Stellenbosch during the Anglo Boer War

Although Stellenbosch was far from the war zone, its community, just as the communities of all the other towns in the Cape Colony, was affected by the Anglo Boer War. But, Stellenbosch was in many ways unique to all other towns in the Cape Colony. It was the only town whose name became feared by British officers who were unsuccessful on the battlefield. Such incompetent officers were sent to Stellenbosch where a remount camp had been established. The name Stellenbosch therefore attained a deep significance and was commonly used by the British army. To be "Stellenbosched" in effect meant to "relegate an

97. Calendar of Victoria College, Stellenbosch and of Stellenbosch Public School, 1899-1900 (Cape Town, 1899): Report of the Senate for the session of 1898-1899, p.29; Calendar of Victoria College, Stellenbosch, 1902 (Cape Town, 1901): Report of the Senate for the session of 1900-1901, pp.64-65.

98. Calendar of Victoria College, Stellenbosch (Cape Town, 1903): Report of the Senate, 1902, pp.63-67; Calendar of Victoria College, Stellenbosch (Cape Town, 1905): Report of the Senate for the session of 1904, p.26.

99. (NGK-Archief, Kaapstad) G2, 3a/3 NG Gemeente, Stellenbosch: Korrespondensie ens.: Leer gemerkt Engelse Dienste, petities i.s. 1904, Bylae C.

100. F SMUTS (red.), *Stellenbosch Drie Eeuwe* (Kaapstad, 1979), pp.439-440.

unsuccessful officer to a post where his incompetence matters less". For a British officer it was a most degrading experience to be sent to Stellenbosch.

Stellenbosch was also unique because it was the largest educational centre outside Cape Town. Students and scholars from all over the Cape Colony, Natal and the two Boer Republics came to study at the Victoria College, the Theological Seminary, the Boys' Public School, and the Bloemhof Girls' High School. Stellenbosch was also an Afrikaner Bond stronghold.

In 1900 racial tension became apparent in the community as the result of a number of reasons which included the following: articles in which strong anti-British and pro-Boer sentiments were expressed were published in the *Stellenbosch Students' Quarterly*; a boycott of shops owned by English speaking shopkeepers was launched by the Dutch speaking community; some students of the Victoria College and the Boys' Public School joined the Republican forces; the actions of the ministers of the Dutch Reformed Church; the reaction of the Stellenbosch branch of the Vigilance Committee. The result was that Stellenbosch was seen as a "rebel factory" which could endanger British supremacy in the Cape Colony. This fear was expressed by officials in the Colonial Office in London when they wrote that "educational disloyalty is one of the worst influences against us", and further: "Stellenbosch is the chief educational centre outside Cape Town, and the unreconcilables evidently intend to work their programme through the rising generation, so that in 10 or 20 years' time the anti-British feelings will be far worse than it is now, and thanks to the propaganda of lies and distorted history, far more bitter". The proclamation of martial law in the beginning of 1901 brought an end, at least on the surface, to the pro-Boer sentiments in Stellenbosch.